DIE SKIETLOOD

189ste Uitgawe 16 April 2021 saam met Koersvas 189

## Die Dordtse Leerreëls

**Tweede hoof leerstuk; Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur sy dood**

In die vorige uitgawe van Die Skietlood het ons die eerste hoofstuk aangaande die Predestinasie afgehandel. Die tweede hoofstuk kom in die volgende uitgawes van Die Skietlood ter sprake.

Die tweede saak wat van verskeie kante beredeneer moet word, is die dood van Jesus Christus en die betekenis van Sy dood. Alle mense gaan dood, maar die meeste mense se dood is sinneloos, redeloos. Daar is diepe betekenis en troos in Jesus se dood.

Lesers moet onthou dat elke artikel nie as losstaande eenheid verstaan moet word nie. Die opeenvolgende artikels bou op mekaar, brei uit, antwoord of belig vanuit 'n volgende perspektief. Dit is belangrik om altyd die lyn van die argument raak te sien. So byvoorbeeld ten opsigte van hoofstuk 2 die eerste twee artikels: Die eerste wys op God se geregtigheid waaraan voldoen moet word en die volgende artikel wys dat ons dit nie self kan doen nie; daarom het Jesus dit vir ons gedoen.

**Hoofstuk 2: Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur sy dood.**

**Teks**

*Artikel 1. God is nie alleen in die hoogste mate barmhartig nie, maar ook in die hoogste mate regverdig. Sy geregtigheid - soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het - eis dat ons sondes, wat teen sy oneindige majesteit begaan is, nie alleen met tydelike nie, maar ook met ewige strawwe na siel en na liggaam gestraf moet word. Ons kan aan hierdie strawwe nie ontkom nie, tensy aan die geregtigheid van God voldoen word.* *Deus non tantum est summe misericors, sed etiam summe justus. Postulat autem ejus justitia (prout se in verbo revelavit), ut peccata nostra, adversus infinitam ejus majestatem commissa, non tantum temporalibus, sed etiam æternis, tum animi, tum corporis, pœnis puniantur: quas pœnas effugere non possumus, nisi justitiæ Dei satisfiat.*

**Verklarende kommentaar**

Hier is verskillende sake wat teenoor mekaar gestel word, en sake wat met mekaar in verband gebring word. Dit alles geskied teen die agtergrond van God se selfopenbaring in die Skrif. Enige stelling wat gemaak word in die teologie konteks, moet op die Bybel berus. In die Bybel leer ons in hierdie konteks die volgende:

God se genade oorskadu ons grootste gedagtes. Daar is geen lewende wese meer genadig as God nie. God se oortreffende genade moet vir geen oomblik betwyfel word nie. God is die mees komplekse wese en kan nie tot een aspek reduseer word nie. Dit sal daarom nie deug om in ons denke God se wese te beperk tot (ons verstaan van) barmhartigheid nie. Daar is faktore wat in ag geneem moet word om God se barmhartigheid reg te verstaan.

God is tot dieselfde mate regverdig. Hierdie regverdigheid van God oorspan Sy optrede na buite. Skepsels het 'n miniskuul klein begrip oor die diepe betekenis van God se regverdige denke en God se geregtigheid. Dit is baie dieper gesetel as ons kortstondige gevoel rakende sekere sake.
Die mens se sonde staan teenoor God. Dit beteken nie dat die mens of die sonde staande kan bly nie. God se geregtigheid eis dat die mens en die sonde verdelg word. Die diepe skande van die sonde moet aangedui word. Ons as mense neig daarna om ons oortredings en ons sondige wese te minimaliseer. Ons verwys na: "'n wit leuentjie". of "daardie een ou keertjie". Dit is nou as ons nie die sonde totaal ontken nie. Ons leef op die tydlyn waar die sonde bestaansreg het, beskerm en verdedig word. Die mens het in sy outonoom word sekere stappe gedoen in die proses van sonde tot goed verklaar en verdedig. Sonde was verkeerd en verwerplik, toe word dit 'n swakheid, toe word dit iets wat aanvaarbaar is, toe word dit iets wat aangeprys en aanbeveel word en toe word dit sonde om teen sonde te praat. Die Dordtse leerreëls herinner ons weer daaraan dat ons as mense sondaars is en dat die sonde ons teenoor God plaas. Sonde is vergrype teen God. Dit is om jou te probeer vergryp aan God se ewige geregtigheid. Sonde is die astrante mens wat sy tydsgebonde bestaan en sy kortstondige denke stel teenoor God in Sy ewige majesteit. Die mens probeer die grense van tyd en ruimte oortree en wil met God in 'n stryd om eie wil betrokke raak. Die dwaasheid van die mens blyk duidelik uit sy onvermoë om selfs die eie omstandighede ten volle te beheer, en tog vergryp die mens hom teenoor God. Die mens probeer om eie wil te laat seëvier. Dit is onaanvaarbaar in tyd en buite tyd. God se geregtigheid maak dit duidelik dat hierdie dwaasheid van die mens gestraf moet word.
Ons moet in hierdie ewige sonde die ewige straf van God ontvang. Die straf moet die oortreding spieël. Die mens wat in sy denke homself bo die ewige God plaas, moet die ewige straf ontvang. Ons begryp dit nie elke dag nie; God se straf word immers nie beperk tot hierdie konteks en hierdie tyd nie. God se ewige geregtigheid is deur die sonde aangeval en derhalwe moet die sonde die ewige straf ontvang.
Ons moet met ons totale menswees hierdie oordeel en straf ontvang. Soms dink ons dat ons net so een ou toontjie in die sonde kan roer. Dit is 'n dwase benadering. Sonde betrek die mens in die totaliteit van sy bestaan. Dit is die hele mens wat oortree en daarom die hele mens wat die straf van God waardig is en sal ontvang. Dit maak nie saak of jy soos Plato, Aristoteles of enige ander mens oor jou samestelling dink nie. Dit maak nie saak of jy dink in terme van liggaam, siel en gees, liggaam en siel, of lewende wese (liggaam en siel nie van mekaar te onderskei nie) nie, jou totale bestaan staan onder die regverdige oordeel van God.
Hierdie regverdige oordeel van God kan nie verwyder word, omgekoop of afgeskryf word nie. Die enigste manier om hierdie regverdige oordeel vry te spring, is om aan die geregtigheid van God te voldoen. God se geregtigheid eis satisfaksie, en net die betaal van die

volle prys kan hierdie regverdigheid tevrede stel.

**Teks**

*Artikel 2. Ons self kan geen voldoening gee om ons van die toorn van God te bevry nie. Daarom het God uit oneindige barmhartigheid sy eniggebore Seun as borg aan ons gegee. Die Seun het vir ons, of in ons plek, sonde en vervloeking aan die kruis geword om vir ons te voldoen*. *Cum vero ipsi satisfacere, et ab ira Dei nos liberare non possimus, Deus ex immensa misericordia Filium suum unigenitum nobis Sponsorem dedit, qui, ut pro nobis satisfaceret, peccatum et maledictio in cruce pro nobis, seu vice nostra, factus est.*

**Verklarende kommentaar**

Dit is nie vir ons as mense moontlik om aan hierdie geregtigheid te voldoen nie. Ons kan nie in die moeras van die sonde ons aan ons eie skoenveters optel en na die vaste grond dra nie. Die totale, ewige verlore toestand van die mens maak ons onmagtig om iets te doen aan ons eie saligheid. Buite God se genade om sou ons nie eens kon dink aan ons saligheid nie. Ons sou die Latyn teks se eerste woorde ook kon vertaal met "wanneer hulle egter moet voldoen, kan hulle nie hulself bevry van die woede van God nie".

In God se onmeetlik grote genade besluit God om die saak aan te spreek. Dit moet duidelik gestel word dat selfs die inisiatief om "saligheid" aan mense te gee, by God sy oorsprong het. God se genade is te groot om te weeg, te meet of te tel. Dit is God se genade wat Hom beweeg tot aksie. In die hele proses word ons gered en die prys is voldoende om Sy geregtigheid te handhaaf. God kies met ander woorde om getrou te bly aan Homself. Dit sou in ons oë dalk makliker gewees het om jouself te verloën deur afstand te doen van jou geregtigheid. God bly getrou aan Homself en voldoen aan Sy geregtigheid deur in Sy genade op te tree.

God tree op deur Sy Eniggebore Seun te gee as borg (*sinonieme vir borg is; instaner, borgstaner, waarborg, garandeerder, borgmaatskappy, begunstiger, beskermheer, beskermdame, donateur, skenker, gewer, onderskrywer, onderpand, sekuriteit).* Dit is met ander woorde duidelik dat God nie Sy geregtigheid gaan verwerp of afskaf nie. In Sy liefde tree God op deur aan ons Iemand te gee wat namens ons kan intree.

Hierdie Seun - die tweede Persoon van die Triniteit - het ten volle deel van ons bedeling geword en toe namens ons opgetree. Dit is belangrik om hier raak te sien dat hierdie optrede van die Seun tot ons voordeel, nie ten volle deur ons beskryf kan word nie. Aan die een kant kan ons stel dat Hy vir ons gesterf het. Aan die ander kant kan ons stel dat Hy in ons plek gesterf het. Altwee stellings is waar. Hy het vir ons gesterf, vir ons voordeel en hoop. Hy het ook in ons plek gesterf; ons verdien om daardie verskriklike dood te sterf.

Daarmee saam moet ons stel dat Hy in ons plek betaal het vir ons sonde. Meer nog, Hy het sonde geword, Hy het in Sy onskuld ons geword, sodat ons kan lewe. So het die Seun dan God se genadige Hand geword wat aan Sy geregtigheid voldoen wat daartoe lei dat ons gered word.